# ‘n Krag van God

***‘Want ek skaam my nie oor die evangelie van Christus nie, want dit is ‘n krag van God tot redding vir elkeen wat glo, eerste vir die Jood en ook vir die Griek.’***

(Romeine 1:16)

Iemand het ŉ mooi wysie geskryf waarop ŉ mens die woorde van Romeine 1:16 kan sing. Daar is natuurlik niks daarmee verkeerd om dit te sing nie, maar dit kan soms wel effens te triomfantelik klink. Is dit werklik so dat ons ons nie in die daaglikse lewe vir die evangelie skaam nie? Waarom sou ons ons skaam vir die evangelie? Omdat dit ŉ teken van swakheid is? Omdat daar geloof gevra word? Omdat ons dit miskien self nie meer glo nie of omdat dit vir ons op die een of ander duistere manier ŉ verleentheid is om Christene te wees?

Dit is werklik ‘n pragtige uitspraak wat Paulus daar in Romeine neergeskryf het. En vir hom is dit beslis nie ‘n teken van swakheid nie. Inteendeel: daardie evangelie is ‘n krag van God tot redding! Tot vandag toe tree daardie evangelie op as ‘n krag van God tot redding vir elkeen wat glo. En dan behels daardie woord ‘evangelie’ alles wat in Christus gebeur het. Die heilsverhaal, sou ‘n mens kon sê. Is daardie evangelie werklik ‘n krag van God? Beslis, want die verkondiging daarvan neem mense van die onheil weg. Paulus skryf in die begin van sy brief aan die Tessalonisense iets soortgelyks: ‘ons evangelie het tot julle gekom in krag...’. Dit was regtig nie omdat hy so ŉ fantastiese spreker was nie. Dit was vanweë die aard van die evangelie self. Vanweë die feit dat die Gees van God daarvan gebruik maak. En daarom is dit ‘n krag van God tot redding vir elkeen wat glo. Om geen ander rede nie.

Is jy daarvan bewus dat jy, elke keer wanneer jy jou Bybel bewustelik oopmaak, jouself binne die kragveld van daardie Woord van God stel? Besef jy dat wanneer die woord van God verkondig word, God se Gees sy krag op jou loslaat en werk tot bekering en verootmoediging? Dit is wonderlik. So gewoon, so alledaags byna. En tog so onvoorstelbaar magtig. Dit is onweerstaanbaar vir elkeen wat glo.

En daarom is die evangelie niks om jou voor te skaam nie. Dit is miskien so dat die een geneig is om meer waarde te heg aan besondere ervarings en die ander weer meer waarde te heg aan eie inspanning. En dit is heeltemal waar dat die evangelie in ons samelewing al hoe meer uit die samelewing uitgeskuif word. In Paulus se dae was dit die pre-Christelike tydperk. Vandag praat ons oor post-Christelikheid. En al is dit alles waar en al verskil die omstandighede ook hoe baie van mekaar, die evangelie het absoluut niks van sy krag ingeboet nie. Want dit is nog steeds dieselfde krag van God tot redding.

En so het dit, op watter manier ook al, ook tot by jou gekom. God se krag wil deur die evangelie van jou besit neem. Die voorwaarde is eenvoudig: dat jy dit glo en jouself aan die Here oorgee.

Langs hierdie weg word God se belofte jou eie. Die belofte van die onvoorstelbare groot wonder van die vernuwing van jou lewe.

Want dit gaan oor ‘n krag wat redding bring! ‘n Krag van God.

OW Bouwsma

© 2015
www.christelikemedia.org